**Dinsdag 1 Mei**

| Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-4 | Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:1-4 |
|---|---|

# Ware vreugde word net geniet binne ’n verhouding met die Vader en die Seun

Die groot rede waarom die Heilige Gees hierdie brief deur Johannes laat skryf het, is om die kinders van God te verseker dat hulle wat in die Seun van God glo, die ewige lewe het (5:13). Die eerste lesers was geteister, net soos vandag, deur valse predikers wat hulle wou leer dat Jesus nie werklik die Seun van God is nie. Hulle wil onsekerheid onder God se kinders bewerk.

Die ware lewe, die innige gemeenskap met die Vader en Christus wat die ewigheid in strek, is net moontlik as jy van harte die getuienis van die apostels glo. Die Heilige Gees het hierdie manne gelei om dit wat hulle van Jesus self gesien en wat hulle van Hom self gehoor het, te “aanskou” (1933/53-vertaling). Hulle het van harte besef en verkondig dat Jesus die Seun van God is wat na hierdie wêreld toe gekom het om ons met God te ver-soen.

Waar die Gees ’n sondaarhart oortuig dat dit wat die Bybel vir ons van Christus leer, die waarheid is, daar het hy/sy reeds uit die dood na die lewe oorgegaan. Die innige gemeen-skap met die Vader en die Seun is iets wat ons nou alreeds elke dag met blydskap kan geniet en dit strek tot in ewigheid. Iemand wat vasstaan in hiérdie verhouding, staan ook in ’n heeltemal nuwe verhouding met hulle naaste.

As ek smag na “volkome blydskap” in hierdie lewe, moet ek vasstaan in die LEWE wat daar net in Christus by die Vader is.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*